



OEFENING 17

MEGANIKA

BLADSY 169



1 Bestudeer die volgende stowwe: koper, silwer, yster, staal, plastiek, rubber, hout en wol. Kies 'n stof of stowwe wat geskik sal wees vir die volgende gebruike:

1.1 Pype

**Koper, yster, staal,
plastiek**

1.2 Elektromagnete

Yster

1.3 Brue

Yster, staal, hout

1.4 Driepootpot

Yster

1.5 Omhulsel vir elektriese drade

Plastiek, rubber

1.6 Tuinmeubels

**Yster, plastiek, staal,
hout, aluminium**



1.7 Juweliersware

**Koper, silwer, yster, staal,
plastiek, rubber, hout en
wol**

1.8 Handvatsels vir panne

Rubber, hout, plastiek

1.9 Kledingstukke

Wol, plastiek (reenjas)

1.10 Eetgerei

**Yster, staal, plastiek,
silwer**

1.11 Duikpak

Wol, plastiek (reenjas)

1.12 Skoensole

**Rubber, hout (klompe),
plastiek**



2. Wat is 'n ferromagnetiese stof?

Dit is 'n stof wat 'n goeie magnetiese materiaal is.

Dit is 'n stof wat deur 'n magneet aangetrek word.



3. Waarvoor word die volgende soort stowwe gebruik:

3.1. Goeie termiese geleiers

Kookgereedskap soos bv. potte en panne, stoofplate

3.2. Isolators

Om elektriese drade te isoleer, handvatsels van potte en panne.

3.3. Ferromagnetiese materiaal

Om magnete te maak.



4 Toets met 'n yskasmagneet of die volgende items magneties of niemagneties is:



| Materiaal | Magneties/nie-magneties | Materiaal | Magneties/nie-magneties |
|------------------|--------------------------------|---------------------|-------------------------------------|
| Spieel | 4.1 Nie-magneties | Bakwerk van motor | 4.4 Magneties |
| Yskasdeur | 4.2 Magneties | Handvatsel van deur | 4.5 Niemagneties / magneties |
| Veiligheidshek | 4.3 Magneties | Ruit | 4.6 Nie-magneties |



5 Voltooi die volgende diagram:



Suiwer stowwe

5.1 Verbindings

5.2 Elemente

5.3 Voorbeelde:
 H_2O , NaCl of enige
ander verbinding

5.4 Voorbeelde:
Na, Fe, O_2 of enige
ander element



6 Definieer die volgende:

6.1 Verbinding

Dit is 'n stof wat bestaan uit twee of meer elemente wat in 'n spesifieke verhouding chemies met mekaar gebind is.



6.2 Suiwer stof

Dit is 'n stof wat opgebou is uit een soort deeltjie.

6.3 Element

'n Element is 'n stof wat nie in eenvoudiger stowwe opgebreek kan word deur chemiese metodes nie.



7 Voltooi die volgende tabel deur die stowwe te klassifiseer as elemente of verbindings:



| | Beskrywing | Element/verbinding |
|-----|-------------------|---------------------------|
| 7.1 | Yster | Element |
| 7.2 | Engelse sout | Verbinding |
| 7.3 | Tafelsout | Verbinding |
| 7.4 | Koper | Element |
| 7.5 | Swembadsuur | Verbinding |